

21 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 88

Uit diep van donker nagte

Psalm 88 is die somberste van al die Psalms. Dit lyk of daar geen lig en geen hoop in hierdie psalm is nie. Die enigste ligpunt is die feit dat hy roep tot die Here "my God wat my altyd help" (vers 2). Maar dit lyk nie of daar van enige hulp of uitkoms sprake is nie en hy eindig met die woorde: "U laat my vriende en my bure ver van my af staan, die duisternis van die dood is my geselskap" (vers 19).

Die digter ly baie swaar, moontlik weens 'n ernstige siekte. Hy is gedaan en sy toestand sonder uitsig. Die einde kom onafwendbaar nader. Hy worstel met 'n gevoel van totale verlatenheid en die gedagte aan die dood. Dit lyk of die dood reeds ingegryp het in sy lewe. Geen lig van hoop skyn meer vir hom nie.

Dit is aangrypend en selfs skokkend om te sien hoe rou en seer hy met die gevoel van verlatenheid en die dood worstel. Hy bly roep, maar met geen duidelike teken dat daar uitkoms in sig is nie.

Ons, wat ná die vervulling wat Christus gebring het leef, weet dat Hy die diepste verlatenheid vir ons gedra het en dat Hy die dood oorwin het. Daarom mag ons maar uit die diepste diepte tot Hom roep en weet dat daar uitkoms is, al moet dit in sware aanvegting en worsteling in die geloof vasgehou word!

Sing: Psalm 42:3,5

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)